

15 September 1 Korintiërs 6:12-20 (6:15); Sondag 41

Ons moet kuis lewe

So vat Sondag 41 die betekenis van die sewende gebod saam. In die Ou Testament is egbreek beskou as die intieme omgang met die vrou of verloofde van 'n ander man.

In die Nuwe Testament verbied egbreek alle seksuele losbandigheid omdat dit 'n vergryp aan jou liggaam as tempel van die Heilige Gees is.

Ook die geslagsverskil tussen man en vrou is deur God geskape. God stel egter eise: Daar moet kuis gelewe word.

Kuisheid beteken dus allereers dat ons hierdie geslagsverskil sal eerbiedig en sal benader soos God dit oorspronklik gewil het. Dit moet slegs in 'n huwelik tot volle uiting kom. Die "getrou help en bystaan" van die huweliksformulier het dus ook met die intieme te doen. 'n Maat wat by hom pas moet hom dus help om kuis te kan lewe (vgl. 1 Kor. 7:5).

Waarom dan hierdie voorskrifte? Omdat onkuisheid geestelike doodslag is - 'n vernietiging van die verhouding met God wat deur sy Gees in ons woon. God eis dat ons Hom ook in ons liggame sal verheerlik. Met onkuisheid verheerlik die opstandige mens homself. Ons liggame is deel van Christus. Met onkuisheid maak ons dit deel van 'n ander vrou. Hierdie deelwees beteken een-wees-met. Die uiterste gevolg van onkuisheid vind ons in die verwoesting van die huwelik, die hawe wat God gee om onkuisheid te vermy.

Hoe gehoorsaam ons die sewende gebod? Deur kuisheid binne en buite die huwelik, maar ook deur van alle onkuisheid vyande te wees. Ons moet vyande wees van slegte gebare, woorde, gedagtes, luste en wat 'n mens daartoe kan verlei. Die Spreuke-digter noem dit die pad van die dood.

Sing: Psalm 24:2

Ds. L. vd M. Vogel (Nylstroom)